



« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »



KynoHumate Black

B5217

Naam:

Autus Black Humiensuur

Eienskappe (Wat):

Humiensuur	15.0 % m/m
Kalium	3.0 % m/m
Stikstof	0.5 % m/m
Voorkoms	Donker bruin tot swart vloeistof
pH	10.0 – 12.0
Soortelike gewig (SG)	1.10 g/cm ³

- Navorsing het bewys dat humiensure die metabolisme van plante tot so 'n mate beïnvloed dat dit plantegroei verbeter en stresverdraagsaamheid verhoog.
- Humiensure is slegs oplosbaar in alkaliese oplossings en moet geensins by suuroplossings gevoeg word.

Toediening (Hoe):

Sproeibemesting	Boordgewasse	Dien 'n totaal van 35 – 45 ℥/ha toe, oor die hele seisoen, opgedeel in toedienings van 5 – 10 ℥/ha op 'n slag.
	Groente	Dien 'n totaal van 25 – 30 ℥/ha toe, oor die hele seisoen, opgedeel in toedienings van 5 – 10 ℥/ha op 'n slag.
	Sierplante & Grasperke	Dien 'n totaal van 35 – 45 ℥/ha toe, oor die hele seisoen, opgedeel in toedienings van 5 – 10 ℥/ha op 'n slag.

Voordele (Hoekom):

- Humiensure speel 'n belangrike rol in verskeie grond- en plantfunksiestes, wat die beskikbaarheid van plantvoeding beheer en wat sodoende plantfisiologie beïnvloed. Humiensure beïnvloed ook die samestellings van mikro-organismes in die rhizofeer positief.
- Die eerste effek van humiensuurtoediening is die bevordering van wortelgroeи. Humiensure het 'n ouksien-effek op plante en bevorder veral laterale wortelontwikkeling.
- Die humiensure bevorder die kompleksering, mobilisering en vervoer van metaal-ione, soos yster en ander mikro-elemente. So is daar deur studies bewys dat aluminium in die grondoplossing sowel as aluminium- en ysteroksiedes beïnvloed word wat tot gevolg het dat fosfaat meer beskikbaar is vir gewasse.
- Humiensure verhoog die verdraagsaamheid van gewasse onder hoë souttoestande deurdat dit die opname van natrium verlaag en die selwande beskerm deur 'n verhoogde aminosuurkonsentrasie.
- Humiensure is 'n belangrike komponent van die grondbiologie wat voordeelige bakterië ondersteun. Hierdie bakterië leef in simbiose met die plantwortel en daardeur word plantvoedingstoefname deur die wortels verhoog.

Gebruike (Waar):

- Humiensure bevoordeel die meeste landbougewasse veral gedurende die vestigingstadium asook gedurende periodes van uiterste klimaatstoestande wat plantstres veroorsaak.